Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 21 September 1949 Prys 3d. No. 44

# Sterlinggebied Laat Homself Bloedlaat En Hoop Vir Beste

**Nadat kragte vir die afgelope maande al aan die werk was om Engeland tot devaluasie van sy pond te beweeg en die Britse regering die indruk probeer skep het dat hy viervoet voor so 'n gebeurlikheid vassteek, is oor die naweek aangekondig dat sowel Brittanje as Suid-Afrika, Australië, Indië, Ierland, Egipte, Noorweë, Denemarke en Israel met dertig persent gedevalueer het ten opsigte van dollars en goud. In plaas van die 4.03 dollar wat die pond voorheen werd was, sal hy nou maar 2.8 dollar werd wees. Dit beteken dat Suid-Afrika vir al sy invoere van uit Amerika en Kanada nagenoeg een-derde meer sal betaal, terwyl pryse van goedere uit Engeland min of meer onveranderd sal bly — voorlopig. Goud wat na die sterling-lande uitgevoer word, sal van £8 12s. 3d. tot £12 10s. styg.**

**Hoewel nou al vasgestel kan word in watter mate die uitwerking van die devaluasie hom in sekere opsigte sal laat geld, is daar soveel onsekere faktore dat hierdie drastiese maatreël min of meer die vorm aanneem van 'n middeleeuse bloedlating by 'n tandarts — die pasiënt hoop maar dat hy beter sal voel daarna.**

Van uit Suid-Afrika se standpunt word gehoop dat dit groter beleggings teweeg sal bring wat saam met die verhoogde inkome uit goud — ongeveer £40 miljoen — sal help om ons ongunstige betalingsbalans uit te wis. Die goudnywerheid is dan ook die mees begunstigde in die nuwe toestand en aandele-spekulateurs sal, naas die staat met sy inkomste-belasting, waarskynlik die grootste oes insamel. Aan die ander kant sal duurder betaal moet word vir masjinerie vir die nuwe myne in die Vrystaat.

Onder die goedere wat duurder sal word is Amerikaanse motors en plaasmasjinerie, petrol en ook brood, veral wit brood.

**Die algemene uitwerking vir die gewone man sal wees dat die lewenskoste òf nog verder sal styg, òf vir geruime tyd in elk geval nie sal daal nie — 'n neiging wat op die punt gestaan het om te ontwikkel. Die vraag is egter of die uitgeputte beurse van die gesinne op die duur, ten spyte van 'n tydelike verhoging in lewenskoste, nie tog maar die pryspeil omlaag sal dwing weens 'n gedwonge verlaging van die lewenspeil nie.**

## Gaping Groter

Die gaping tussen die Britse in- en uitvoer het gedurende September weer aansienlik gerek. Dit is £18,200,000 meer as wat dit in Julie was.

Die samesprekings verlede week tussen England, Amerika en Kanada het juis gegaan oor die toestopping van hierdie gaping.,

**Misdade van onsedelikheid en aanranding moet toegeskryf word aan die vertoon van naaktheid in tydskrifte en koerante, het eerw. H. P. Junod verlede week op 'n konferensie van vroue verklaar. Hy het gesê dat naaktheid in die koerante algemeen is en dat die uittarting gans te groot is.**

# NUWE BEGRIPPE NODIG VIR 'N NUWE WÊRELD

**Die Ossewabrandwag glo nie aan die leiers en stelsels van die verlede wat die huidige chaos veroorsaak het nie. Die nuwe wêreld wat moet volg op die uitvinding van die atoombom vereis volke wat as eenhede optree in gemeenskap met familievolke. Dit gee aan die Afrikanervolk en die Ossewabrandwag 'n spesifieke taak ten opsigte van Afrika, het genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, verlede Saterdagaand op Wellington gesê.**

Saterdagaand teen skemer het die lede van Wellington se O.B.-kommando op Houtbaai, die plaas van kommandant Christiaan du Toit, gesellig byeen gekom om saam die aandete te nuttig en saam te luister na die boodskap wat Voorligtingsoffisier genl. W. R. Laubscher gebring het.

Komdt. du Toit het almal welkom geheet en die O.B.'s van sy kommando geluk gewens dat hulle nie in die ontbindingsproses wat Afrikaners uiteenskeur, meegevoer is nie.

Genl. C. Pretorius van die Paarl het die groete van sy kommando oorgebring. Spr. is nou meer as ooit tevore oortuig van die suiwerheid van die O.B.-gedagte. As ons nie besef dat die partystelsel uitgedien is nie, is ons gedoem. As voorbeeld van die saambindende krag van die Ossewabrandwag het spr. die feit genoem dat dit die enigste gebied verskaf waarop die Paarl en Wellington as gelykwaardige broers optree. Voorts heet spr. vir genl. Laubscher welkom wat 'n week se siekte ten spyt, oorgekom het om as verpersoonliking van die agressiwiteit van die O.B., die Wellingtonse kommando met nuwe ywer te besiel.

**£105 INGESAMEL**

Genl. Laubscher het Wellington gelukgewens met die mooi bedrag van £105 wat hy ingesamel is. Spr. meen dat dit passend is om by geleentheid van die O.B. se elfde verjaardag te wys op daardie eienskappe van die O.B. wat verhoed het dat die mokerhoue wat dit in sy veelbewoë bestaan verduur het, uitklophoue geword het. Die geslag wat nou fanaties in die O.B. glo, is gebore gedurende Wêreldoorlog I wat gevoer is om „alle oorloë te beëindig" maar inteendeel Wêreldoorlog II gebaar het wat weer op sy beurt „die tirannie" vir goed moes verdelg, dog die grootste tiran van alle tye, Josef Stalin, op die voorgrond gestoot het. **Die O.B. glo dus nie in die leiers en die stelsels van die verlede wat die chaos van vandag ten gevolge gehad het nie.** Vir ons is die verkiesings en partybedelings dinge van verbygaande aard, omdat ons glo dat die O.B. 'n nuwe wêreld sal bou.

**ATOOMBOM EN O.B.**

**Soos die uitvinding van buskruit die ou stadstate laat verbrokkel het, so sal die atoombom nasionale state as genoegsame entiteite omver werp. Nou groepeer volkefamilies in vastelandsblokke bymekaar. Die huidige wêreldtoestande vereis dat elke volk as 'n eenheid moet optree en hom skakel by sy volkefamilie.**

Die partystelsel wat 'n volk kunsmatig verdeeld hou, is dus uitgedien in die atoomeeu.

'n Mens kan dus tereg sê dat die ankers van ons Volksbeweging diepgeworteld is nie alleen in ons volksgeskiedenis nie, maar ook in die tydvak

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

waarin ons leef. **Die uiteindelike taak van die O.B. sal wees om toe te sien dat Afrika verwesters word en sy ontsaglike natuurbronne inwerp agter die Weste in sy stryd teen die Ooste. Daarom is dit pateties om te sien hoe die energie van ons volk afgelei word van sy historiese roeping in die nietige bane van partypolitieke twiste. Ons ploeter in verydeling met nergens 'n uitkomkans na nasionale verwesenliking nie, solank ons blind volhard met die partystelsel.**

**LEWENDE MONUMENT**

Ten slotte het genl. Laubscher verwys na ons binnelandse aangeleenthede in die jare 1938—1949. Dis nog net die O.B. dat volhard op die pad van Suid-Afrika soos aangedui deur die oplewing tydens die Ossewatrek. Toe het ons opgeruk na Monumentkoppie om hartstogtelike hulde te bring aan die ontslape draers van die Afrikaanse vryheidsvlam; nou gaan ons allig koue eer bewys aan veeboer-pioniers. Toe was ons trots op die Boerevolk; nou is ons Suid-Afrikaners. Die O.B. moet brandwag staan sodat eertydse republikeine nie miskien handhawers van die Britse konneksie word nie. **„Die grootste monument vir die Voortrekkers is in 1938 opgerig toe die Ossewabrandwag in die lewe geroep is.** Laat ons kameraadskap ons saambind en voorstu om ons historiese taak te volbring," het spr. besluit.

## OPTIMISME



**In die aangesig van die pas aangekondigde devaluasie van die Britse pond spreek bostaande toneel van besondere optimisme. Goue muntstukke het in Brittanje vir baie jare al van die toneel verdwyn, maar uit vrees dat sy vakmanne die kuns om goue geldstukke te munt, sal afleer, is onlangs 'n groot aantal goue tiensjielingstukke gemunt. Dit is egter nie in sirkulasie gebring nie, maar in die skatkamers teruggeplaas as deel van die krimpende goudreserwe.**

# Devaluasie 'n Wanhoopsdaad: Speel In Stalin Se Hande

**Hoewel van Britse kant aangekondig is dat die besluit om te devalueer geneem is voor die konferensie tussen Amerika, Engeland en Kanada tien dae gelede, is dit 'n feit dat die stap gedoen is op aandrang van Amerika wat aan Brittanje die alternatief gestel het om òf goedkoper produkte te lewer òf sy geldwaarde te verminder. Die enigste voordeel wat Brittanje hoop om uit devaluasie te behaal, is 'n moontlike groter afset in dollar-lande — en natuurlik nou ook 'n groter afset in sterlinglande as gevolg van die gesamentlike devaluasie. Hierdie voordeel kan egter spoedig weer uitgeskakel word deur 'n verlaging van Amerikaanse pryse.**

**Ekonome in Brittanje is dan ook glad nie in hul skik met die jongste ontwikkeling nie. Hulle spreek die vrees uit dat devaluasie die middelklas sal ruïneer en net in die hande van Stalin speel.**

'n Welbekende finansier in Londen, Eddington-Behrens, het volgens Review of World Affairs 'n paar weke gelede die volgende opmerking gemaak:

„Elkeen praat asof devaluasie van Europese geld die eintlike oplossing vir Europa se ekonomiese moeilikhede is. **Niks is verder van die waarheid nie. Devaluasie van sterling en ander Europese betaalmiddele as geïsoleerde maatreëls sal 'n wanhoopsdaad wees.** Die koste van Amerikaanse invoer sal styg en sal nie vergoed word deur 'n ooreenstemmende verhoogde uitvoer nie. Devaluasie in hierdie omstandighede sal gevolg word deur 'n verhoging van die lewenskoste, arbeidsonrus en 'n nuwe dollar-krisis in ernstiger omstandighede." Hy voeg daaraan toe dat die ekonomiese krisis die geleentheid is waarop Rusland sit en wag.

**Die redakteur van genoemde blad voorspel dat 'n geweldige verandering Brittanje voor die deur staan. Elke stukkie grond sal bewerk moet word om voedsel te produseer, „en mans, vroue en kinders sal van sonop tot sononder werk." „Dit sal nie meer lank duur voordat die reisiger kinders Saterdagoggende in die tuin sal sien werk in plaas van hulle in toue voor 'n bioskoop te sien staan in lieflike somerweer nie."**

# „Onskuldig, Edelagbare!”

'n Paar maande gelede het 'n Britse ondersoekkommissie na die werkinge van die pers sy verslag uitgebring. Alle dagblaaie het die volgende dag met groot opskrifte aangekondig dat die kommissie bewys dat daar geen fout met die Britse pers te vind is nie. Die publiek het daarna met groot gerustheid „die waarheid en niks anders as die waarheid nie” in die dagblaaie gelees.

'n Lid van die kommissie, sir George Waters, was egter diep geskok oor hierdie eensydige vertolking van die verslag, want dit was aan kleiner weekblaaie oorgelaat om die skadukant van die verslag te openbaar. Sy opmerking was:

„Ek was diep geskok oor die eensydige gebruikmaking van die verslag deur koerante en redakteurs. Die kommissie se bedoeling was nooit om die pers te vergoelik nie, en die verslag is dit ook nie. Nogtans is dit as 'n regverdiging van die pers verwelkom. Dit is niks van die aard nie. Diegene wat so sê kon nie die verslag in sy geheel gelees het nie.”

Ons het hier 'n stukkie ironie wat min of meer ooreenstem met 'n hof waar die beskuldigde die jurie se bevinding aan die regter moet vertolk.

TE KOOP

*Velskoene!*



Almal met riem genaai. Bruin of wit bo-leer met blou sole soos afbeelding .. .. .. .. .. .. 19/6.
Bruin of wit bo-leer met motorbandsole sonder hakke .. .. .. 18/6.
Pryse posvry. Kontant met bestelling

H. STEINMANN
SENDING-WINKEL
Goedverwacht, oor Moravia, K.P.

# HERMANN GOERING SPREEK UIT DIE GRAF TOT CHURCHILL

**Onderstaande brief is deur maarskalk Hermann Goering geskryf vyf dae voor sy dood in Neurenberg. Die bestaan daarvan was bekend, maar die inhoud is sorgvuldig verborge gehou totdat die Britse blad Independent National dit kort gelede met groot moeite en koste opgespoor en openbaar gemaak het — byna drie jaar nadat dit geskryf was.**

„Mnr. Churchill, u sal nou die voldoening smaak om langer te leef as ek en my kamerade in rampspoed. Ek aarsel nie om u geluk te wens met hierdie persoonlike oorwinning en die taktvolle wyse waarop u dit teweeggebring het nie. U en Groot Brittanje het groot koste moes aangaan om hierdie sukses te behaal. As ek u eenvoudig genoeg sou beskou om meer betekenis daaraan te heg as die van 'n skouspel wat u en u vriende verskuldig was aan die volke wat u in die oorlog gemaneuvreer het teen die Groter Duitse Ryk, en aan u Joodse en Bolsjewistiese bondgenote, dan sou my verklaring aan u, in die voorlaaste uur van my lewe ook in die oë van die nageslag, verkwis wees op 'n onwaardige persoon.

„My trots as Duitser en as een van die mees verantwoordelike Duitse leiers in die historiese wêreldstryd laat my nie toe om 'n enkele woord te mors oor die onterende laagheid van die proses soos toegepas deur die oorwinnaars vir so ver as dit ten minste my eie persoon aangaan nie. Maar, aangesien dit die verklaarde doel van hierdie regspleging is om die Duitse volk in die bodemlose dieptes van ballingskap te werp, en hulle deur die verwydering van alle verantwoordelike persone in die Nationaal-sosialistiese staat, vir eens en vir altyd van alle moontlikhede vir toekomstige verdediging te beroof, wil ek, onder die oordeel waaroor u en u bondgenote vooruit besluit het, 'n paar aanmerkings voeg by hierdie historiese gebeurtenis.

## GETUIENIS GEWEIER

„Ek rig hierdie opmerkings aan u, omdat u, hoewel een van diegene wat die beste op hoogte is van die werklike agtergrond van hierdie oorlog, en in die posisie was om dit te voorkom, of dit op so 'n stadium te beëindig dat dit nog draaglik vir die toekoms van Europa sou wees, geweier het om onder eed getuienis af te lê voor u eie regbank. Ek sal daarom nie in gebreke bly om u voor die Regbank van die Geskiedenis te roep nie, en ek rig my verklaring aan u omdat ek weet dat hierdie regbank binnekort u sal uitwys as die man wat met ambisie, intelligensie en energie die Europese volke onder die wiele van buitelandse moondhede neergewerp het.

„Voor die Geskiedenis wys ek u aan as die man wat inderdaad die vermoë besit het om die val van Adolf Hitler en sy politieke werke te bewerkstellig, maar wat nietemin nie daarin sal slaag om as plaasvervanger van die gevalle man die beskermende skild op te hef teen die Asiatiese oorstroming van Europa nie. Dit was u ambisie om u posisie oor Duitsland deur middel van die Verdrag van Versailles te handhaaf; **dit sal u lot wees dat u daarin geslaag het.** U verpersoonlik die hardnekkige koppigheid van u ou baasvolk, maar u verpersoonlik ook die koppigheid van sy ouderdom wat gerig was teen die laaste groot poging van die herleefde Germaanse mag om in die hooglande van Asië te beslis oor die toekoms en veiligheid van Europa.

## VERANTWOORDELIKHEID

Lank nadat my verantwoordelikheid onderwerp sal wees aan die onpartydige regter van verdere ontwikkelinge, sal u verantwoordelikheid moet aanvaar vir die feit dat die afgelope bloedige oorlog nie die laaste een was wat geveg moes word vir die lewensbelange van die Vasteland op sy eie bodem nie. **U sal verantwoording moet doen vir die feit dat die bloedbad van gister gevolg sal word deur 'n nog groter een en dat Europa sy lewe sal moet verdedig, nie aan die Wolga nie, maar in die Pirenië.** Dit is my hartlike wens dat u ten minste sal lewe om die dag te aanskou waarop die wêreld, en veral die Westerse volke, deur bittere ondervinding sal moet leer dat u en u vriend Roosevelt ter wille van 'n goedkoop oorwinning oor Nasionaal-sosialistiese Duitsland hul toekoms verkoop het aan die Bolsjewisme./ Hierdie dag sal gouer aanbreek as wat u begeer en ten spyte van u gevorderde ouderdom sal u waarskynlik aktief genoeg wees om dit bloedrooi ook oor die Britse eilande te sien aanbreek. **Ek is daarvan oortuig dat dit u al daardie vreeslike verrassings sal besorg wat u, weens die afsku van die Duitse leërowerheid vir 'n totale verwording van die stryd tussen familie-volke, vrygespring het. My kennis van die aard en omvang van die nuwe wapens en projektiele wat grootliks as gevolg van u militêre hulp in die hande van die Rooi Leër geval het, stel my in staat om hierdie voorspelling te maak.**

## „OORLOGSHERINNERINGS”

„U sal, soos dit u gewoonte is, sonder twyfel geen tyd laat verlore gaan om goeie herinnerings te boek te stel nie, en u sal hulle des te beter kan skryf omdat niemand u nou sal kan hinder in die aanhaling of weglating van feite soos dit u behaag nie. Nietemin, u sal magteloos wees teen die korreksies wat die verloop van gebeurtenisse wat deur u teweeggebring is, sonder vrees sal aanbring. **Dit sal dan u saak wees om teenoor die volke die vrae te beantwoord wat u voor u eie skynhof geweier het — nie terwille van ons nie, maar terwille van die geskiedkundige waarheid.**

„U dink dat u die dinge baie slim gereël het deur hierdie historiese waarhede op die ontleedtafel te gooi vir die geregtelike drogredenasies van 'n handvol ambisieuse juridiese ondergeskiktes, en om toe te laat dat dit verval tot 'n dialektiese verhandeling van paragraaf-woordspelinge, hoewel u as Brit en staatsman maar te deeglik bewus moes wees dat die belangrikste vraagstukke van die volkere in die verlede langs hierdie weg nie opgelos en beoordeel kon word nie en dat hulle ook nie in die toekoms so opgelos sal word nie. Ek het 'n te grondige opvatting omtrent u vermoë en die geslepenheid van u verstand om te dink dat u die vulgere slagspreuke kon glo waarmee u die oorlog teen ons gevoer het en die oorwinning oor ons met 'n sirkusagtige spektakel probeer vier.

## DWARSBOMING

„As een van die hoogste militêre, politieke en ekonomiese leiers van die Groter Duitse Ryk verklaar ek weereens met nadruk dat hierdie oorlog onafwendbaar was alleen as gevolg van die beleid van Groot Brittanje wat onder u persoonlike invloed en dié van u aanhangers, hardnekkig op alle terreine gerig was op die dwarsboming van die lewensbelange en die natuurlike ontwikkeling van die Duitse volk, en dat u, vervul met 'n afgeleefde ambisie om die Britse heerskappy te behou, 'n tweede wêreldoorlog verkies het bo 'n verstandhouding — wat ons so aanhoudend begeer het — op 'n grondslag wat vir die twee groot volke aanvaarbaar sou gewees en rekening sou gehou het met hul natuurlike take en behoeftes.

„Ek verklaar hier weereens met die grootste nadruk dat die enigste skuld van die Duitse volk vir hierdie oorlog, wat deur u afgedwing was, is dat hy gepoog het om finaal 'n end te maak aan die ewigdurende ellende wat u openlik aan die gang gehou en op sluwe wyse verwek het. Dit is onnodig vir my om die oorsake, noodsaaklikhede en motiewe met u te bespreek wat in die loop van die oorlog gelei het tot die politieke en militêre moeilikhede, waarvan u geregtelike dwepers, so seker van hul doel, nou sulke eensydig gebruik maak ten koste van die Nasionaal-sosialistiese regering en die Duitse volk. Die verwoeste dele van die Europese beskawing en sy historiese skatte wat nou in puin lê, is vandag in die eerste plaas getuienis van die wanhopige bitterheid waarmee 'n groot en trotse volk gister met onvergelyklike selfopoffering geveg het vir sy blote bestaan. Môre sal dit getuienis wees van die gewetenloosheid waarmee, alleen met die hulp van die groter getalle wat deur u in die veld gelei is, die onderwerping en vertrapping van die regte van die volk teweeg gebring kon word. **Maar oormôre sal die puinhope die getuienis wees van die verraad wat Europa uitgelewer het aan Rooi Asië.**


## WRAAKNEMING

**„Die Duitsland wat julle verslaan het, sal juis deur sy instorting hom op u wreek.** Want u het nòg 'n beter beleid as ons gehad nòg het u getuienis gelewer van groter doeltreffendheid en dapperheid. U het nie u oorwinning te danke aan die beter gehalte of denkbeeldige voortreflikheid van u eie krag en bekwaamheid nie, maar slegs na ses jaar, aan die oorwig van u koalisie. Moenie glo wat u probeer voorgee nie. U en u land sal spoedig die vrugte pluk van u politieke bekwaamheid. Wat u, 'n geharde sinikus, nie wou aanvaar as geldig in ons geval nie (naamlik: dat ons stryd in die Ooste die hoogste verdedigingsaksie was, nie net vir Duitsland nie, maar terselfdertyd vir Europa en al daardie dade en maatreëls van die Duitse oorlogvoering regverdig wat u van u kant so kort en bondig in besonderhede veroordeel) sal u huidige bondgenoot en vriend Stalin spoedig aan u en die Britse Ryk bewys. U sal dan ondervind wat dit beteken om teen hierdie teenstander te veg en u sal leer dat u nood ook geen wet ken nie en dat u hom nòg met regsgeleerde verdrae nòg met die gewig van Groot-Brittanje en sy Europese dwerge suksesvol kan weerstaan.

## RESULTAAT

„U het aan die Duitse volk voorgehou dat dit vir u hoofsaaklik gaan om die herstel van sy demokratiese lewenswyse. U het egter geen enkele woord geuiter dat u begaan is oor die herstel van 'n redelike lewensbestaan waarvan hy vir 'n

(vervolg op bl. 3 kol. 1)



BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
KLAVIERE
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*
sowel as alle
ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*
WAPENS



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.
Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

# CHURCHILL SE MISDAAD

(vervolg van bl. 2 kol. 5)

kwarteeu lank beroof was nie. U naam staan onder alle belangrike dokumente van die huidige tydperk van Britse gebrek aan begripsvermoë en jaloesie op Duitsland. U naam sal ook onder die resultaat staan; dat hierdie tydperk van die uitwissing van Duitsland uit die geskiedenis ook die voortbestaan van Europa in gevaar stel.

„My vertroue in die lewenskrag van my volk is onwankelbaar. Hierdie volk sal sterker wees en langer leef as u. Maar dit doen my leed aan dat hulle aan u uitgelewer is sonder die middele om hulself te verdedig en dat hulle nou ook een van daardie ongelukkige slagoffers geword het wat, danksy u sukses, nou nie 'n eeu van welvarende arbeid tegemoet gaan ter bereiking van daardie gemeenskaplike taak wat deur goeie verstand vereis word vir die volke van die Weste, nie maar die grootste gesamentlike katestrofe van hul gemeenskaplike geskiedenis. Ek weerhou myself van te redetwis oor die buitensporighede waarmee, reg of verkeerd, u ons verwyt en wat nòg deur my nòg deur die Duitse volk goedgekeur word, en ook die buitensporighede wat aan julle kant, en aan die kant van u bondgenote gepleeg is teenoor miljoene Duitsers. Want ek weet dat onder die dekmantel van hierdie voorwendsel, u die hele Duitse volk onderwerp het aan gesamentlike buitensporighede wat hul weerga nêrens in die ganse geskiedenis vind nie, **en dat ook sonder hierdie voorwendsel u nie anders sou opgetree het in die behandeling van Duitsland nie omdat sedert 1914 u onwrikbaar en hardnekkig geen ander doel nagestreef het nie as die vernietiging van die Duitse Ryk.**

### GROOTSTE FOUT

„Hierdie lewensdoel van u ontsê aan u die reg om as regter te sit oor die vermydelike en onvermydelike gevolge wat u koelbloedige en hardnekkige nastrewing van u oogmerke veroorsaak het, of wat later deur u verwelkom is as getuienis vir die verdediging van u strewe. **Ek betreur vandag as my en die Nasionaal-sosialistiese regering se ernstigste fout alleen die noodlottige vergissing wat ek en ons beleid begaan het in die skatting van u onderskeidingsvermoë as 'n staatsman.** Ek betreur dit dat ek aan u die oordeelsvermoë toegeskryf het om die politieke noodsaaklikheid te kan besef van 'n tevrede en welvarende Duitsland ook vir die voortbestaan van die Britse Ryk. Ek betreur dit dat ons vermoë en middele nie groot genoeg was om, al was dit maar in die laaste minuut, u tot die betere oortuiging te dwing dat die likwidering van Duitsland ook die likwidering van die Britse wêreldmag sou meebring nie. Ons het ons eie plekke ingeneem en elkeen volgens sy eie wet gehandel — ek volgens die nuwe wet, waarvoor hierdie Europa reeds te oud is; u volgens die ou wet, waarvoor hierdie Europa nie meer belangrik genoeg in die wêreld is nie.

„Ek sal my pad tot aan die einde bewandel in die vaste oortuiging dat ek as Nasionaalsosialis ten spyte van alles 'n veel beter Europeaan was as u. Ek laat die beslissing hieroor met gerustheid aan die toekoms, waartoe ek van alle harte hoop u sal behoort en so lank as moontlik sal lewe. Miskien sal die noodlot u dan die geleentheid bied wat u aan my gebied het: om in die bouvalle 'n waarheid na te laat."

(Hierdie brief word in Engels in pamfletvorm uitgegee deur Johan Schoeman, P.K. Broederstroom, distrik Pretoria, aan wie die kopiereg behoort. Dit kos 1/- per eksemplaar of 25/- per 50 eksemplare).

# 50 Jaar Gelede Al Volksvreemd In Hul Oë

**Ons Beweging moes reeds heelwat kritiek verdra van Afrikaners van Nederlandse afkoms en ook van Afrikaners wat in Nederland studeer het. Ons dink hier byvoorbeeld aan die baie gesiene Afrikaanse dame, van Nederlandse herkoms, wat eendag 'n O.B.-funksie bygewoon het; toe sy al die vaandels sien was haar opmerking: „Hoe eg Duits!"**

Verder dink ons ook aan 'n Afrikaner van hoë akademiese status wat die Boerejeug sien marsjeer het met 'n Krugerdagviering en toe dadelik daarna 'n boek van die Nederlandse skrywer Huizenga gaan naslaan het om te sien wat hy van „militarisme" sê. Natuurlik was hy daarteen!

Vanselfsprekend het regte Nederlanders dieselfde soort kritiek. Ons het eenkeer vir die pret 'n Nederlandse predikant na 'n Boerejeugkamp geneem. Daar aangekom, het hy dadelik begin rondkyk of daar nie erens 'n gaskamer is nie—want die O.B.-vlag: groen, oranje, wit en blou was die „vlag der N.S.B. met een groene baan ernaast." Verder het hy „een wolvenklouw" ontdek op die Boerejeugkenteken!

### BOEREVRIEND SE OORDEEL

'n Mens kon baie ongerus geword het weens al hierdie kritiek. Hierdie soort kritiek is egter al meer as 50 jaar oud. Dr. F. J. du T. Spies haal in sy boek die volgende aan oor die indrukke wat die Nederlander, dr. Hendrik Muller, opgedoen het in Bloemfontein in 1898 d.w.s. in die dae van die Republiek. Onthou moet word dat dr. Muller 'n groot Boerevriend was wat homself besonder beywer het in Europa vir die Boeresaak. Hier volg dr. Spies se verhaal van Muller se indrukke (ons kursiveer):

„'n Besonderheid in die stad is die Artilleriekorps. Die eerste dag merk hy hulle al in die kerk op, **hulle uniforms totaal en totaal Duits**—slegs 'n oranjebies en Vrystaatse wapen. Die hoof van die artillerie, is dan ook 'n Duitser, Majoor Albrecht, intertyd deur Hamelberg uit Berlyn ingevoer. Hy het dan ook **alles op Duitse lees geskoei**".

### BEROEMD

Dit was die indruk van hierdie Nederlander. In die Anglo-

**Deur A. J. van Rooy**

Boere-oorlog het hierdie eenheid homself terdeë onderskei. Dink maar aan die onvergeetlike Gideon Scheepers.

Dr. Muller het in Transvaal dieselfde soort ding opgemerk: „Om een-uur die dag word hulle aan die Pretoria-stasie afgehaal deur onder-staatsekretaris van Boeschoten, en 'n **Majoor Erasmus van die staatsartillerie, laasgenoemde in 'n Oostenrykse artillerie-uniform".**

Afrikaners wat in Holland doktorsgrade gekry het, of wou kry, is gewoonlik nie baie vleiend oor ons Beweging en sy leier nie. Hulle is inteendeel baie krities. Watter gewig moet ons heg aan hulle oordeel? Let op wat die groot Nederlandse Boerevriend dr. Hendrik Muller gesê het van Paul Kruger. Hy het hom gesien met sy vierde inswering as president. Dr. Muller se indrukke van Kruger, die grootste van alle Afrikaners was:

### „HORRIBEL"

„Hy is horribel, oud, gebogen, met wasige, half gesloten oogen, grijs stijf haar, maar met vasten, stevige tred gaande, een zwart pak aan, en een ouderwetsche hooge hoed op. . . En hemel, wie ter wereld heeft hem gesegd zig zoo toe te takelen. Een kolossale groene sjerp, bijkans 1 voet breed, met gouden kwasten van onderen, onder het erop geborduurde wapen en als schouderbedekking ook al een gouden tressel heeft hij om, en behalwe dat 4 groote kruisen, waarvan de linten in alle richtingen zijn gespeld, opdat zij zichtbaar zouden zijn. . . . ."

### „UNIEK" DOG. . .

Ook die ou staatspresident se skitterende redevoering is nie deur hierdie heer uit Holland gespaar nie. **„Ik heb zelden intenser genoten dan van deze**

(Vervolg op bls. 6 kol. 5)

# REGVERDIGHEID IS VOORWAARDE VIR APARTHEID

**Die aanvaarding en deurvoering van die kopsepsie van apartheid is onderhewig aan een voorwaarde, skryf mnr. Willem van Heerden in Dagbreek na aanleiding van die naturellevraagstuk en die afgelope H.N.P.-kongres in Transvaal.**

Dit is 'n voorwaarde wat gerus nou beklemtoon moet word omdat sommige voorstanders van apartheid klaarblyklik nie voldoende rekening daarmee hou nie. Sowel dr. Malan as minister E. G. Jansen het dit in die afgelope week se besprekings genoem, maar geen van beide het dit in die omstandighede genoegsaam benadruk nie. Die voorwaarde is die volgende:

> Nie net naturelle-mening nie; ook nie net blanke openbare mening in die algemeen nie, maar openbare mening binne die Nasionale Party sal vereis dat apartheid 'n regverdige oplossing ook vir die naturellebevolking moet blyk te wees.

**Apartheid sal gesien, vertolk en nagestreef moet word as oplossing van 'n menslike probleem — 'n maatskaplike ekonomiese en politieke probleem— met erkenning van menslike aansprake en behoeftes wedersyds.** Op enige ander basis kom dit in botsing met die fundamentele beginsels waarop die blanke beskawing self berus, sal dit nie op die steun van 'n blanke meerderheid kan reken nie en is dit bestem om te misluk.


### TAAK BEMOEILIK

**Dit is in hierdie opsig dat sommige beskrywingspunte en 'n aansienlike deel van die besprekings oor naturellesake op die afgelope kongres nie die taak gaan vergemaklik van die manne wat besig is om die grondslae van apartheid te probeer lê nie. Daar is dinge gesê, en sommige sprekers het 'n houding teenoor naturelle aan die dag gelê wat nie net aan vyandige propagandiste die geleentheid verskaf het om blanke mening te bevooroordeel nie, maar wat ongetwyfeld ook die indruk moet versterk wat reeds so diep by die nie-blanke bevolking posgevat het, namelik dat Afrikaanssprekende Suid-Afrika besiel is met onwil teenoor hulle en dat apartheid op onwelwillendheid berus.**

Dit is merkwaardig, en net so ongelukkig, dat swakhede in ons benadering van die kleurprobleem wat nagenoeg iedere individu insien en onderling met mekaar bespreek, **totaal uit die oog verloor word sodra ons op vergaderings is en toesprake hou en beskrywingspunte vir kongresse opstel.**


PROBEER DIT!

VIR OË-TOETS




KAN U SÊ WATTER LYN LANGER IS?



VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie, maar blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry. (Antwoord op oë-toets; Die twee lyne is in werklikheid ewe lank).

U OË MAG U BEDRIEG MAAR
U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK




RONDE
Kommando
20 vir 1/-. 50 vir 2/4

C. 300



NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

DIE O.B., WOENSDAG, 21 SEPTEMBER 1949

# Nuwe Taak Vereis Vir Vakbonde

In tye van ekonomiese ontwrigting is dit die gewone werker wat dit eerste moet ontgeld hetsy dat sy lone verminder word of dat hy op straat gestoot word. Dit is een van die redes waarom die toevlug tot vakbonde geneem word, en daarom ook te verstaan dat die werker nie graag aan sy vakbond laat torring nie. **Maar selfs vakbonde is nie magtig genoeg om ekonomiese instortings te voorkom nie, dit wil sê om grootskaalse werkloosheid te verhoed nie.** En nou is dit 'n feit dat daar in die afgelope maande al meer berigte in die pers verskyn het omtrent 'n toename in werkloosheid.

Dit sal dus goed wees as die vakbondleiers ook aandag sal wil gee aan ander metodes van behartiging van hul lede se welvaart as die blote eise om hoër lone waarmee hulle hul in die verlede tot so 'n groot mate besig gehou het. **Die leiers moet hulle daarvan vergewis dat die werker ook 'n rat in die ekonomiese masjien is en ook sy bydrae in minder of meerdere mate lewer tot skommelings op hierdie gebied.** Die boubedryf lewer hiervoor 'n uitstekende voorbeeld. Tydens die oorlogsjare en daarna toe daar 'n groot tekort aan huise en ook vakmanne was, kon eise om hoër lone met weinig moeite deurgevoer word. **Maar die metode van loonversekering het mank gegaan aan die ernstige gebrek dat die vakbond nie ook toegesien het dat die hoër lone vergesel word van hoër prestasie nie.** Inteendeel, daar was 'n merkbare agteruitgang in die gehalte en hoeveelheid werk wat deur individuele vakmanne gelewer is, en in sommige gevalle was daar selfs getuienis dat persone rondgegaan het om werkers aan te moedig om hulle nie te ooreis nie. Ons wil nie beweer dat die vakbonde daarvoor verantwoordelik was nie, maar wat wel beweer kan word is **dat daar geen waarneembare aksie van die vakbonde uitgegaan het om die werkers tot groter inspanning aan te moedig nie. In die aangesig van die verset van vakbond-kant juis teen enige aanmoediging by wyse van bonusse, selfs op hierdie stadium, kan die publiek tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat die vakbonde traagheid in die bedryf goedkeur nie.**

**TOT EIE SKADE**

Daarmee het hulle die werker geen goeie diens bewys nie, want iemand moet vir die hoër lone en laer produksie betaal, en daardie iemand is Jan Burger — wat in baie gevalle 'n mede-loontrekker is. **Maar Jan Burger kan nie aanhou vir duur huise betaal nie en ook hy het maar net een wapen om homself teen uitbuiting te beskerm en dit is om te staak: hy laat nie meer bou nie, en dit is dan wanneer werkers wat deur die vakbonde beskerm word, werkloos op straat ronddwaal en in weke alles verloor wat hulle aan hoër lone oor maande en jare gewen het.**

Dit sou veel beter wees indien die vakbonde nie net die lig laat skyn op die regte van werkers nie — waarmee die regte van ander werkers so dikwels ook getref word — maar ook aandag wil gee aan die pligte van werkers wat op die ander kant van die skaal geplaas moet word om die lewe te laat balanseer. **'n Eensydige opstapeling van regte aan die een kant van die skaal laat dit deurslaan en die hele boel regte tuimel op die grond. Dit is wat ons nou reeds in die boubedryf ondervind waar met werkloosheid betaal moet word vir pligte wat versuim is in tye van voorspoed.**

**SPOORWEË**

Wat vir die boubedryf geld, geld vir alle ander beroepe — ook vir die Spoorweë in verband waarmee so pas 'n dringende beroep van die hoofbestuurder uitgegaan het om groter besparing. Spoorwegwerkers sal hulself 'n baie groot diens bewys indien hulle uitvoering aan die oproep wil gee. Hoër lone en sekerheid van werk kan alleen gehandhaaf word indien dit vergesel gaan van hoër inspanning.

**BROOD OP DIE WATER**

In die lig van ons waarskuwing is dit verblydend om te merk dat daar inderdaad 'n nuwe geluid waarneembaar is in werkersgeledere — al kom dit van heeltemal nuwe kant. Ons verwys na 'n berig onlangs in die pers van die stigting van 'n gilde van motorwerktuigkundiges wat in die eerste plaas 'n hoër gehalte werk as sy oogmerk stel. **Hierdie nuwe vakbond begin met sy aanvoorwerk op die regte plek. Hy besef dat die lewe nie 'n eensydige stroom van „ontvang" kan wees nie, maar dat daar 'n gesonde wisselwerking van „gee en neem" moet wees om die bloedstroom van die samelewing te laat vloei.** Dit is daarom goed dat sy eerste doelstelling gemik is op die gee van goeie diens, want ook volgens die Bybelse belofte sal die brood wat op die water gewerp word, uiteindelik weer terug ontvang word.

Laat ander vakbonde hieraan 'n voorbeeld neem.

# Gevaar Dat Duitsland Sy Westerse Gevoel Kan Verloor

*(Van Ons Korrespondent in Duitsland)*

**Die gevaar dat 'n aanhoudende verlaging van die Duitse lewenspeil — waardeur so baie dinge waaraan die Westerling gewoond geraak het, ontbeer moet word — die gewone Duitser naderhand ontuis sal laat voel in die Westerse wêreld, word uitgespreek in onderstaande oorsig van die huidige toestand in Duitsland nadat die geldhervorming bietjie meer as 'n jaar gelede ingevoer is.**

Orals in Duitsland is daar 'n tekort aan geld. Iemand wat byvoorbeeld met 'n twintigmarknoot by sy gewone tafel verskyn, behoort tot die klas van gelukkiges en elke kelner sal dit met 'n diep en respekvolle buiging toon. Geld het weer 'n betowerende aantrekkingskrag in Trisonië (Wes-Duitsland)—vandag meer nog as 'n jaar gelede. Die besighede wat na die geldhervorming soos paddastoele uit die grond verskyn het, wag vandag op kopers—maar die kopers verskyn veels te selde, want hy het geen D-mark nie. Geld het weer die sleutel geword na die towerryk van vervulling van hete wense. **Maar die normale werknemer, en tot daardie klas behoort die grootste gedeelte van die bevolking, het na aftrekking van die belastings alleenlik genoeg in sy geldsak om die allernodigste vir die lewe te bekostig.** Skeptiese buitelandse toeskouers, wat nog steeds glo dat hulle bedenkinge moet koester omtrent die „Duitsers se begeerte na genotmiddels en luukse-artikels" kan gerus wees; die bewoners van Trisonië is veels te arm om genotsugtig te kan wees. En die getal van „uitverkorenes" wat sulke bedenkinge by die uitlanders veroorsaak het, is vandag te klein om 'n openbare gevaar te kan word.

**BALANSSTAAT**

Veertig D-mark „kopgeld" was, benewens 'n honger van 'n paar jare, die werklike rykdom van elke deursnit-Duitser ná die geldhervorming. Hierdie veertig D-mark was veronderstel om vier weke te hou. **Maar die honger kon nie uitgestel word nie, en mens het „langs aan die voedselkoepons" ook nog iets gekoop.** Dit was nie moeilik nie, maar verskriklik duur. Ook, as mens as beskaafde Europeaan die verlange gehad het om weer 'n tandeborsel te besit, of instede van papierstringe 'n ordentlike paar skoenveters, dan was die veertig D-mark ongelukkig reeds na een-derde van die vasgestelde tydperk op, en die „genotsug" verby.

**OORGEËRFDE ONDEUG**

Die beursie van die normale werknemer het sedertdien nouliks stywer geword, ten spyte van alle vooruitgang van die Duitse ekonomie waaroor geskryf word, en wat die wysvinger van die buiteland op hom gerig sien. **Mens moet elke klein toiletartikel in sy maandelikse begroting bereken. Sy behoefte aan tandepasta, bv., wat in sy verlange na higiëne 'n groot rol speel, speel egter vir sy geldsak 'n te groot rol. Al die ander dinge wat vir hom as beskaafde Europeaan vanselfsprekend is, bly vandag nog vir hom onbereikbaar, maar op die lang duur kan hy dit net so min uit sy voorstelling van die lewe verwyder as ander volke wat onder dieselfde gewoontes en sedes opgegroei het. Lê hierin nie ook** 'n bekentenis van sy verbondenheid aan die lewenswyse wat ons vandag — al is dit slegs uiterlik — geleer het om as 'n skeiding tussen Wes en Oos te onderskei nie? In die woordeskat van Sowjet-Rusland is ons verfynde behoefte aan sulke uiterlike dinge beskryf as „ondeug" of „Westerse dekadensie".

**ONVERDEELBARE GEHEEL**

Solank die dinge wat ons as nodig vir die lewe beskou, agter glasvensters verborge bly, sal die behoefte daaraan minder gou verdwyn as die hoop en geloof dat so 'n wêreld nog vir die deursnit-mens bereikbaar is. **Die twyfel of so 'n wêreld die reg op bestaan het, sal nie wegbly nie.** Die oordeel van die eenvoudige mens is altyd sterker van uiterlike gegewens afhanklik as dié van 'n geestelike-geskoolde mens wat ook die diepere samehang tussen twee verskillende wêrelde herken. **Waar die uiterlike verskil dus uitgewis word en nie meer duidelik sigbaar is nie, daar verdwyn die oordeelsvermoë en daarmee die oortuiging van die eenvoudige mens. Die Rus is 'n te goeie sielkundige en 'n te gevaarlike taktikus om 'n kans wat hom gebied word, nie dadelik ten volle te gebruik nie.**

In 'n eenvoudige formule lui dit: die lotsgemeenskap van beskaafde volkere met hul innerlike en uiterlike verbintenis—en met die aanspraak van almal daarop—moet gehandhaaf word.

**RUSSIESE TEKORTKOMING**

Die Duitse volk weet uit ondervinding wat Leninistiese en Marksistiese beleid in werklikheid beteken—hoe dit in werklikheid lyk. In 'n verbitterde stryd het elke Duitser hom tot hierdie waarheid deur geveg. Selfs dié wat nie kon verstaan nie, maar wel kon sien, besef dit vandag. Soos bekend, is die uitwerking van iets wat die mens self gesien en beleef het, baie sterker en van langer duur as enige propaganda. **Hierdeur word die Russiese tekortkoming in die Ooste en in die Weste van Duitsland verklaar.**

**SKEPTIES**

Die feit dat die Duitse jeug van vandag—d.w.s. die mense tussen twintig en veertig—hulle afsonder van alle soorte politieke vergaderings en verenigings, kan nie langer as teleurstelling of wrok bestempel word nie; hieruit spreek veel meer 'n diep skeptisisme wat nie alleen opsy staan nie, maar ook afgesonder is van 'n wêreld waarmee die jeug geen verbinding het nie. Dit is nie meer hulle wêreld nie. Hierdie opvallende passiewe houding vind sy uitdrukking in die afkeuring van alles wat in frase of mooi gesegdes gestel word, en hoewel dit die jong Duitser sterk en vry maak, hou dit 'n gevaar vir hulle in, wat geensins onderskat mag word nie. Veel meer as in die buiteland gemeen word, sien hierdie jong mense ten spyte van hul skynbare gebrek aan belangstelling, skepties neer op alles wat anderkant hul eie grense plaasvind — net so skepties as wat hulle teenoor hul eie politici is. **Veral waar woord en daad nie met mekaar rym nie, is die swygsames nog meer skepties en afkeurend. „Hoe kom dit", vra hulle hulself af, „dat die geestelike en politieke houding van sommige Wes-Europese lande teenoor die Duitsers so teenstrydig is?" Hulle is geskok oor die gebrek aan ooreenstemming tussen die politiek en die geestelike lewe van sulke volke.**

**WAG OP ERKENNING**

Ten slotte kan ons vra of die Duitse volk reeds weer op pad na 'n „normale" lewe is. Die naakte werklikheid is **nog 'n stryd, 'n taai maar beslissende stryd om erken te word as een van die Europese volkere.** Of dit sal slaag, hang nie alleenlik af van die volk se eie krag nie, maar dit vereis ook die simpatieke belangstelling van almal met wie die Duitse volk in hierdie stryd verbonde voel. Hy het hulle hulp en belangstelling nodig—iets wat hy nie bedel nie, maar waarop nog altyd gewag word.

# Indiërs Sal Nog 15 Jaar Lank Engels Praat

Ondanks die begeerte van die Indiese volk om Hindi as amptelike taal vir Indië in te voer, is Engels so stewig ingegrawe dat die konstituerende kongres verlede week besluit het dat Engels nog vyftien jaar as die amptelike taal gebruik moet word. Die president sal egter oor die mag beskik om Hindi in die tussentyd saam met Engels tot amptelike taal te verklaar.

# Neurenberg-Hof Oortref Homself

Dat Neurenberg nog steeds van krag tot krag voortgaan ten spyte van die hoogtepunt in regsverkragting wat reeds in 1946 bereik is, blyk uit een van die jongste gevalle waar 'n voormalige jeugleier van die Nasionaal-sosialistiese Party gevonnis is. Hy is Arthur Axmann wat nadat hy reeds byna vier jaar aangehou was, tot drie jaar tronkstraf veroordeel is. Die hof moes hom dus op vrye voet stel omdat sy „misdade" nie groot genoeg was om hom 'n langer vonnis op die hals te haal nie.

Maar Neurenberg het sy eie wet en sy eie taak in die proses van wraakneming. Axmann is gevolglik op vrye voet gestel, **maar hy is gelas om vir die res van sy lewe die helfte van alles wat hy verdien, in boete te betaal, nadat al sy besittings verbeurd verklaar is. Hy mag vir die res van sy lewe ook nooit enige ander soort werk as handearbeid doen nie.**

**Axmann is 'n invalide met net een arm.**

# Nie-Blanke Oorwig In Nywerhede Neem Toe

## Toeloop In Sommige Bedrywe Groter

**Met die ontwikkeling van Suid-Afrika se nywerhede word die uitvoering van 'n allesomvattende kleurbeleid al meer dringend. Voorstanders van segregasie beklemtoon ook die noodsaaklik dat in naturellegebiede nywerhede ontwikkel moet word wat die naturel van die nodige bestaansmoontlikhede sal voorsien en terselfdertyd ook sal dien as aantrekkingskrag vir die naturelle wat reeds na die blanke gebiede getrek het vir werkgeleentheid.**

Dit is dus noodsaaklik dat by die oorwegeing en toepassing van 'n segregasie-beleid daar op ekonomiese gebied planmatig opgetree sal moet word sodat daar 'n indeling gemaak kan word van nywerhede wat die beste sal pas by die verskillende gebiede sowel wat betref die moontlikheid van aanleg van die inwoners as afset en verkryging van roustowwe.

In die lig van 'n segregasiebeleid het daar onlangs interessante syfers in Forward verskyn omtrent die aandeel wat nieblanke arbeid reeds in die Unie se nywerhede neem. Dit toon aan dat daar 'n geweldige toename van nie-blanke arbeid in sekere afdelings is, terwyl blankes weinig of geen toename toon nie.

### ONEWEREDIG

**Dit blyk dat in die tien jaar van 1934 tot 1944 daar 'n toename van 133 persent ten opsigte van nie-blanke arbeid was teenoor 'n toename van slegs 49 persent in blanke arbeid. Vir elke blanke wat tot die nywerhede toegetree het, het daar vier nie-blankes toegetree.**

In 1934 was daar 62,192 manlike en 21,269 vroulike blankes teenoor 108,966 manlike en 8,764 vroulike nieblankes in diens van die nywerhede. Tien jaar later was die syfers onderskeidelik 92,302 en 32,405 vir die blankes en 252,534 en 21,252 vir die nieblankes.

### SEKERE KLASSE

**Die vermeerdering van nieblankes was opvallend in die geval van sekere klasse nywerhede. In die houtwerk-bedryf was daar byvoorbeeld geen toename van blanke arbeid sedert 1938 nie, terwyl nie-blankes toegeneem het van 5,398 tot 15,026. In die klere-bedryf het die arbeidsgetalle van blanke vroue stilgestaan, terwyl die nie-blankes van 4,854 tot 10,311 toegeneem het.**

In fabrieke waarin voedsel en drank gehanteer word, was daar 'n toename van 1,000 blankes teenoor 'n toename van 19,000 nie-blankes.

Een van die redes vir hierdie oneweredige toename wat die skrywer aangee, is dat toe blankes tydens die oorlog by die leër aangesluit het, vakatures deur naturelle wat nie tot die leër toegelaat was nie gevul is.

# Naaklopery In Engeland Neem Toe

Die agteruitgang in sedes in Engeland blyk uit 'n berig in die Sunday Times waarin gemeld word dat meer mense as ooit tevore die afgelope jaar aangesluit het by nudiste-klubs. 'n Landswye organisasie, die British Sun Bathing Association, beskik oor 47 klubs waar mense selfs naak aan tafel bedien word deur naakte diensmeisies. **Onder naaklopers, aldus die berig, is selfs predikante van die Metodiste Kerk en die Kerk van Engeland.**

Die ledetal van die organisasie is oorwegend mans en sewe uit elke tien van die nuwelinge is afkomstig uit die R.A.F. Die sekretaresse is 'n oujongnooi.

# Krankes Sak Toe Op Hipnotiseur

Duisende mense stroom in Duitsland na Bruno Gröning van wie gesê word dat hy buitengewone gawes besit om krankes te genees. Hy beskou homself as „van God geroepe" en is voornemens om 'n hospitaal in te rig waar hy sy gawes kan beoefen.

Mediese deskundiges skryf die genesings toe aan sy seldsame hipnotiese gawe, en meen dat hy alleen gevalle kan genees wat van 'n neurotiese aard is.

# D.A.H.A. SE DANK AAN AFRIKANERVOLK

**Geld en goedere ten bedrae en ter waarde van meer as £800,000 is in die vier jaar van sy bestaan reeds deur D.A.H.A. vir noodlenigings in Duitsland ingesamel. In die jaar 1948/49 was die insamelings ten bate van algemene hulp byna £80,000 aan kontant en meer as £100,000 aan goedere.**

Bostaande feite is deur die voorsitter, dr. E. Sthamer aan die lig gebring toe hy die Jaarvergadering van D.A.H.A. in Pretoria geopen het.

Met die geld wat ingesamel is, is hoofsaaklik komberse, klerasie, skoene, melk, voedingsmiddele, vet, vitamine, olies en ander onontbeerlike benodigdhede vir Duitsland aangekoop. Uit goedere wat geskenk is, kon die volgende aan behoeftiges in Duitsland gestuur word: 578 kiste klerasie, 413 kiste skoene, 415 kiste lewensmiddele; 4200 sak mielies en 1025 bale merino- en karakoelwol.

### NOUER KONTAK

Deur middel van D.A.H.A. se „peet"-diens het meer as 3000 behoeftige Duitse gesinne Afrikaanse gesinne gevind wat gereeld pakkies aan hulle stuur. In baie gevalle gaan dit gepaard met gereelde briefwisseling en is noue verbintenisse aangeknoop. Die pakket-afdeling van D.A.H.A. het in die jaar onder bespreking 50,000 pakkies ter waarde van £90,000 aan hulpbehoewendes in Duitsland gestuur.

**In sy openingsrede wys die voorsitter daarop dat die grootste deel van die skenkings van Afrikaners gekom het.**

„Die Afrikaanse volk het in sy hulpverlening aan Duitsland op bewonderenswaardige wyse offers gebring wat ons steeds met dankbaarheid vervul", aldus dr. Sthamer.

# A.P.-Bestuur Vergader

Die dagbestuur van die Afrikanerparty vergader op 26 September wanneer, na verwag word, sake in verband met die kongres op 8 November in Bloemfontein bespreek sal word. By die geleentheid sal die leier van die party, min. N. C. Havenga, sy standpunt uiteensit ten opsigte van die bondgenootparty en rasse-beleid.


LANDBOUGENOOTSKAP — CALVINIA

*Op 29 en 30 SEPTEMBER word die*

**LANDBOU EN HUISVLYT TENTOONSTELLING**

*VAN DIE JAAR 1949 gehou te CALVINIA*

**Ons DANS is die AAND van 28 SEPTEMBER by die COMMERCIAL HOTEL**

Die SKOU word GEOPEN op **VRYDAG, 30 SEPTEMBER,** deur

**MNR. J. H. MOOLMAN**
*(Voorsitter S.A. WOLRAAD)*

**'n STOEIGEVEG tussen MANIE MARITZ en AL COSTELLO en VOORGEVEGTE die AAND van 29 SEPTEMBER**

**Mense wat graag die Beste sien kom kyk dit op CALVINIA**

*Sekretaris:*
J. P. LE ROUX - Posbus 42, Foon 30 - CALVINIA


# AMERIKANERS HOOP OM OORLOG BINNE 30 DAE TE BESLIS

**In Amerikaanse militêre geledere bestaan daar nog onsekerheid of die atoombom 'n deurslaggewende wapen in 'n oorlog teen Rusland sal wees, al kan aangeneem word dat die doeltreffendheid van die bom sedert die dae van Horisjima aansienlik vergroot is. Maar hoewel daar deur sommiges getwyfel word, is daar reeds krygsplanne opgestel waarvolgens Amerika hoop om 'n oorlog teen die Sowjet binne dertig dae te wen.**

Die organisasie wat vir hierdie beplanning verantwoordelik is, is die komitee van stafhoofde onder leiding van genl. Omar Bradley. Die plan maak voorsiening vir die onmiddellike bombardering van 70 vername Russiese doelwitte met atoombomme. **Burgerlike verliese en oorwegings van na-oorlogse versoeningsbeleid sal geensins in ag geneem word by die uitvoering van hierdie plan nie.** Bomwerpergroepe sal vanaf basisse in Alaska, Engeland, Noord-Afrika en die Midde-Ooste opstyg en dood en verwoesting uit alle rigtings oor die Sowjet saai. Ook die fabrieke wat die Russe agter die Oeral-gebergtes vir die Duitsers weggesteek het, sal nie aan die genadelose bomwerping ontkom nie.

### BOMWERPERS

Die swaar Amerikaanse bomwerpers, B-36, sal op 'n hoogte van 40,000 voet en teen 'n snelheid van 300 myl per uur feitlik onkeerbaar in die nag wees. Hierdie lugreuse is in staat om 'n bommevrag van 10,000 pond 10,000 myl ver te dra, sodat selfs die skuilhoeke van Siberië nie buite hul bereik sal wees nie.







Behalwe hierdie vliegtuie beskik die Amerikaanse lugmag nog oor die B-52, 'n spuitaangedrewe bomwerper wat die afstand oor Rusland in helfte van die tyd van die B-36 kan aflê; maar hulle sal vir gebruik eers in 1952 gereed wees.

### „30 DAE"

Vir die aanval in Wes-Europa word gehoop dat Britse, Franse en Amerikaanse troepe in staat sal wees om die Russe aan die Ryn te keer met behulp van lugbombardemente deur vinnige kortafstand-spuitbomwerpers, wat verwoesting op die leërsametrekkings van die vyand moet saai. In dertig dae se tyd behoort die stryd gewonne te wees, word gemeen.

**Dit is natuurlik die militêre aspek van die saak, en dit klink indrukwekkend op papier, maar die Russe maak in die eerste plaas staat op hul vyfdekolonners wat op die puinhope van ekonomiese instorting in die kapitalistiese lande moet verrys. As hierdie Russiese strategie eerste geleentheid kry vir toepassing, sal daar geen werk wees vir die atoom-bomwerpers nie.**


# Sorgvuldige adressering verseker korrekte aflewering

| Dit is ONSEKER | Dit is VEILIG |
|---|---|
|  *Moenie afkortings gebruik nie.* |  *Verf of sjabloneer alle name en adresse duidelik en volledig op die pakkie self, waar moontlik.* |
|  *Moenie pakkette met ou name en adresse of etikette daarop versend nie.* |  *Verwyder of wis alle ou etikette of merke uit.* |
|  *Moenie dun etikette gebruik wat swak aangeheg is nie.* |  *Gebruik sterk etikette wat aan albei kante stewig met draad vasgemaak is* |

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU

As u pakkie die moeite werd is om te versend, is dit die moeite werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind dit goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal.

*Hierdie is die tweede in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**BEKKER.**—Aan Generaal en Mev. S. P. Bekker van Kleinfontein, Tarkastad, 'n fris seun op 6 September. Dank aan die Gewer. 14/9/2B

## IN MEMORIAM

Weer herdenk ons, ons lieflingseun **Killie**, jou verjaardag. Jy sal dan 22 jaar oud gewees het. Dit sal vir ons altyd bly soos die dag van gister.

„My hart is daar!
By Hom wat die wêreld geskep het goed,
Vir die dood geskik, vir die lewe soet;
So mild, so sterk, so groot en so sag,
Met vergewende liefde, vol reddingskrag.
Sy reine gees maak ook die Hemel nog klaar,
Daarheen laat ek verlangend my bede vaar—
Daar is my skat en my hart is ook daar."

Van: Moeder, Vader, Compie, Max, Euodia. 21/9/1

## TE KOOP

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman, Robertson.** TK/30/3

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**BEESTE:** Opreggeteelde ongeregistreerde Frieslandbulletjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoeie . Ook koeie en verse. **Zeeman,** Robertson 13/7/T.K.

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**PATATRANKE:—** Sesmaande 83 lb. 7/-; driemaande wit 83 lb. 8/-. Steggies reg vir plant ses- en driemaande 6/- per 1000. Borrie 7/-. Gelewer SERPENTINE. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. **B. H. Gerber, C/Sn., P.K. Hoekwil, George.** 24/8/TK

**WATTELPALE EN SPARRE.** — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.** Kontant met bestelling. 31/8/TK

## GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

## GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

## GRYS HARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

## MEDISYNE

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.

(Nr. 3) 1/9/49

## MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon** 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig.

21/9/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

19/1/TK

# IS U 'N REPUBLIKEIN ?

# Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van...............................................

vir die eerste............................maande.

NAAM: ..............................................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ......................................................................
......................................................................
......................................................................
......................................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Oudstryder As Spreker

**Kapt. Henri Slegtkamp, D.T.D., Middelburg Tvl. Skryf:**

Daar sal in Oktober 'n groot byeenkoms van oudstryders in Johannesburg gehou word en dr. Malan sal as spreker optree. Wel, dr. Malan is welkom as Eerste Minister, maar nie as oudstryder nie. Nou is my versoek dat ons deur genl. Smuts toegespreek moet word as die enigste hoëre Boere-offisier nog in lewe, afgesien van enige politieke aspek. Ons oudstryders bestaan uit Nat en Sap en as ons mekaar ontmoet, vra ons nie wat die ander is nie. Ek het so 'n versoek aan Die Vaderland gerig, maar dit is nie geplaas nie. Dit is jammer, want dit maak dat oudstrydersappe dalk nie sal opkom nie. Wat my betref, ek is volbloed Nat en ook O.B. en gaan volstrek nie saam met die politiek van genl. Smuts nie. Maar dit het niks te doen met die vyftigjarige herdenking van die oorlog nie, en as genl. Smuts 'n man is, sal hy nie 'n onwaardige politieke toespraak hou nie, en ons sal dit ook nie duld nie. Waarom word genl. Smuts dan wel gevra om by die inwyding van die Voortrekkermonument te praat maar nie by die Oudstrydersbyeenkoms waarby hy meer belang het nie? Ek vrees baie van ons sal wegbly as die ding nie regkom nie.

## MEEGEVOEL

Namens die Gebiedsleier en Gebiedshoofkwartier van Gebied F betuig ons hiermee ons opregte meegevoel aan mnr. H. A. J. Colyn en die familie Venter van Boomsien, Pietersburg.

Na 'n langdurige siekte van sewe maande, waarvan die laaste sestien dae smartlik was, het Gebied F een van sy getrouste lede verloor deur die dood van mev. E. C. Colyn. Ons voel saam met die familie en wens hulle sterkte toe.

P. W. Buys.

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

**Ons eerste uitgawe het so pas verskyn.**

**BY DIE STERFBED VAN 'N VOLK**
**9s. 6d. Posvry**
DEUR
**M. J. PIENAAR**

wat tydens wêreldoorlog nr. 2 in Duitsland was en hier in Suid-Afrika deur die Smuts-bewind van Hoogverraad aangekla en gestraf is.

**ONTHOU U NOG**

„Goeienaand, liewe luisteraars in Suid-Afrika". „Goeienag Boere." 'n Gesaghebbende werk deur iemand wat alles self deurleef het.

BESTEL VAN:

**VLAM-BIBLIOTEEK**
**Posbus 1230**
**PRETORIA**
OF
**U BOEKHANDELAAR.**

15/6/2.

# Partypolitiek Voer Unie Na Armoede Sê Ekonoom

**Partypolitiek soos dit in Suid-Afrika beoefen word, het veel daartoe bygedra om die Unie se fundamentele ekonomiese vraagstuk — nl. om die groot potensialiteite van die land ten volle te benuttig — te verduister, het mnr. L. H. Samuels, senior lektor van die Fakulteit van Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis, in Pretoria verklaar.**

Mnr. Samuels, wat die Bond van Vrouestemgeregtigdes oor die ekonomiese posisie in Suid-Afrika toegespreek het, het gesê:

**„Ek is vas oortuig dat, tensy ons ons pogings op die partypolitieke front verslap en meer op die fundamentele ekonomiese en finansiële vraagstukke wat ons in die gesig staar, konsentreer, ons met ekonomiese agteruitgang en 'n kwyning van ons bestaanspeil te kampe sal kry."**

### LOOP DOOD

Partypolitieke bedrywigheid volgens die Suid-Afrikaanse styl, loop in elk geval dood in 'n muur, want uiteindelik sal dit hom moet aanpas by die harde ekonomiese en finansiële feite, nie alleen soos hulle in hierdie land bestaan nie, maar soos hulle deur die ekonomiese en finansiële strominge in die buitewêreld gevorm word.

Wat betref die Unie se betalingsmoeilikhede, het mnr. Samuels gesê dat die huidige metode van besnoeiing 'n negatiewe maatreël is. Dit bewaar ons voorrade harde munt deur die eenvoudige hulpmiddel om die invoer van 'n groot verskeidenheid artikels te beperk, maar dit doen niks om ons harde munt te vermeerder deur ons uitvoer uit te brei nie.

Die vernaamste ekonomiese taak van die Unie is om sy uitvoernywerhede, soos wol, erts en goud, uit te brei.

# Personeel Van Spoorweë Gevra Om Te Bespaar

Mnr. Marshall Clark, hoofbestuurder van die Spoorweë het 'n beroep gedoen op elke spoorwegwerknemer in die Unie, om 'n „aktiewe soldaat te word in die oorlog teen verkwisting". „Dit is noodsaaklik dat elkeen dit moet besef," sê mnr. Clark, „dat daar sedert 1943-'44 'n gestadige agteruitgang was in die Spoorwegfinansies en dat inkomste hierdie vyf jaar met sowat £6,500,000 deur uitgawes oorskadu is".

Werkskoste het skrikwekkend toegeneem. Dit het die administrasie daartoe gedwing om goederetariewe en passasierstariewe te verhoog. En dit is eers na baie sorgvuldige oorweging gedoen, want dit het die gevaar ingehou om besigheid uit die hande van die Spoorweë te neem en aldus die inkomste nog verder te verminder.

### BEDRAE GETREK

**Hierdie verhoogde tariewe het nie daarin geslaag om die gaping tussen inkomste en uitgawes te oorbrug nie, aldus mnr. Clark, en die administrasie is daartoe gedwing om groot bedrae te trek om die staat te laat balanseer.**

Die reuse-trekkings uit die Tariewegelykstellingsfonds was 'n skok vir meer as een Spoorwegman wat hierdie fonds beskou as 'n verskansing om die basiese dienstoestande te beskerm, want, hoewel die fonds vyf jaar gelede oor amper £10,000,000 beskik het, is die syfer tans minder as een-derde daarvan.

„As hierdie toestand voortduur, sal daardie fonds voor die einde van die huidige geldjaar gedaan wees," het mnr. Clark gesê.

### PERSONEEL

„Uit elke pond wat die Spoorweë verdien, word ongeveer 13s. in een of ander vorm aan personeel bestee, hetsy as gevolg van salarisse, lewenskostetoelae of oortyd-lone."

Die lewenskostetoelae wat tans deur die Spoorweë betaal word, beloop sowat £18,000,000 per jaar en die gemiddelde uitgawe per eenheid van die blanke personeel het buitendien met ongeveer 90 persent gestyg gedurende die afgelope 10 jaar.

## Geen Twyfel Aan Telepatie

Geloof in telepatie — verbinding van gedagtes deur middel van ander as die gewone sintuie — is deur professor A. C. Hardy, professor in dierkunde en vergelykende anatomie aan die universiteit Oxford, uitgespreek.

Hy het aan dierkundiges tydens die jaarvergadering van die Britse vereniging ter bevordering van die wetenskap gesê: „Ek glo dat niemand wat onbevooroordeeld ondersoek instel na die resultate van die groot aantal proewe wat gedurende die afgelope 20 jaar uitgevoer is, die bestaan van telepatie sal ontken nie."

## 50 JAAR GELEDE

(Vervolg van bls. 3 kol. 3)

**unieke man in dit unieke land deze unieke rede. Na eenige jare sal ik niet meer kunnen gelooven dat ik dit alles toch werklijk heb gehoord en bijgewoond.** Nu eens plat, dan weer in het overdrevenste Hoog Hollandsch—toetste hij de geheele staatkunde aan het oude testament, worstelende met moeilijke woorden als ‚diplomatieke' (verteenwoordigers) met een pijnlijk gezicht, maakte snaaksche vergelijkingen, gelijk steeds uit de dierenwêreld geput, hield dan een preek die hoegenaamd niets met de zaak te maken had, en liet zich dan weer uit als een profeet, of als een aartsvader, of als een herdervorst."

Indien iemand wat uit Holland kom, of daar gestudeer het, ons leiers as „horribel" beskou, dan is ons leiers darem minstens in goeie geselskap.

En indien ons Wag en Boerejeug dan Duitse vaandels dra, en Duitse uniforms het — is dit volksvreemd of is dit volgens tradisie van die roemryke ou Republikeinse staatsartillerie?

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**

DIE Boere jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 21 SEPTEMBER 1949

ONS VERVOLGVERHAAL

# DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN

DEUR H. S. VAN BLERK

### HOOFSTUK VIII

### WEER WEESKIND

Die dae het verbygegaan en klein Ben het al begin uitreken wanneer dit kersfees sal wees, want hy het so verlang na die presente wat ou vader Krismis vir hom sal bring. Hy het ookal begin wonder of hy nie noudat hy al kan skryf, vir Vader Krismis 'n brief moet stuur en vir hom vra of hy nie vir hom 'n trapfiets kan bring nie. Want hy moet nou ver loop na die skool en hy wil so graag 'n fiets hê soos so baie van sy maters.

Maar kersfees was nog ver en klein Ben kon nog nie eers al die dae uitreken nie. Hy het toe maar besluit om nog te wag. En dit was swaar, want hy het so verlang na 'n lekker fiets.

En toe gebeur 'n nare ding. Een oggend toe hy in die kombuis kom, werk sy mammie by die stoof. Sy is baie stil en lyk of sy gehuil het. Hy vra haar toe wat gebeur het en of sy pappie dan al werktoe is.

„Pappie is weer gevang, my kind," vertel sy mammie vir hom.

Dit was vir hom 'n vreeslike slag. Sy pappie is dan nou skaars ses weke van die Kamp terug. „Waarom het hulle dan vir Pappie gevang, Mammie?" het hy gevra.

„Ag, my kind, ek weet nie," het sy mammie gesê.

Hy het later gehoor dat oom Teuns en nog 'n klomp ander omies ook gevang is en dat hulle voor die hof sal kom. En toe hulle later voorkom, het sy mammie daagliks by die hof gaan luister. En elke dag as sy mammie terugkom, het sy neerslagtiger gelyk. Hy het toe maar probeer om baie werkies vir sy mammie te doen en baie gehoorsaam te wees, al was dit ook vir hom swaar.

Sy pappie is toe later gevonnis en na 'n ander tronk gestuur. Sy mammie het nou nie meer gegaan om hom te sien nie, want hy sal eers na ses maande toegelaat word om 'n besoek te kry. Sy kon ook nie eers aan sy pappie skrywe nie, want ook briewe kon hy nie ontvang voordat hy nie ses maande in die tronk was nie.

Nou het dit baie swaar met hulle gegaan. Hulle moes uit hulle nuwe huis trek en het in 'n garage gaan woon. Die ou plekkie was baie klein en armoedig, maar klein Ben was tog gelukkig omdat hy saam met sy mammie en sussie en boeties daar kon bly.

Kersfees het gekom en hy het baie ongelukkig gevoel. Hulle het nie eers koek gehad om te eet nie, want hulle was nou baie arm, en die geld wat hulle pappie verdien het, was al alles uitgegee vir kos en huur vir die garage.

Vader Krismis het toe weer vergeet om vir hom en sy sussie en boeties presentjies te bring. Hulle het nog die aand hulle kousies opgehang en Sussie het nog gewens dat sy 'n pop kry met goudgeel hare en oë wat oop en toe gaan. Hulle mammie het bygestaan en sy het hulle net met treurige oë aangekyk.

Klein Ben het maar liewer stilgebly omtrent sy fiets. Maar in sy gebedjie die aand het hy so mooi gevra vir 'n fiets en verduidelik waarom hy een wil hê. Die anderdag-oggend het almal vroeg opgestaan en was hulle vol vol verwagting.

Maar daar was niks in die kamer nie. Hulle het nogal oral rondgekyk, tot selfs onder hulle bedjies, maar daar was niks. Sussie het sommer verdrietig geword en begin huil. Boetie het natuurlik haar voorbeeld gevolg. Klein Ben kon ook huil, oor die onregverdigheid van dit alles. Maar hy het geweet hulle mammie sal baie sleg voel as hulle almal huil. Tog het hy gevoel Vader Krismis maak darem nie reg nie.

En toe hy van sy matertjies met hulle speelgoed sien spog, het hy eers sleg gevoel. So sleg dat hy sommer huistoe gedraf het, want hy wou tog nie sien wat hulle almal het nie.

En toe hy by die huis kom, was sy mammie alleen daar. Sy het baie stil op die bed gelê. En klein Ben het geweet dat sy huil. Toe het sy hartjie sommer week geword en hy het sy koppie teen haar aangeleun en begin snik.

„Is my seuntjie hartseer?" het sy mammie gevra.

Hy het toe begin kla omdat hulle niks van ou Vader Krismis gekry het nie.

„Ag, my kind, dit is omdat Pappie nie hier is nie. Kyk, Mammie het ook niks gekry nie," het sy mammie gesê.

„Kom ou Vader Krismis dan net na die ryk mense toe, Mammie?" wou hy weet.

„Nee, my seun," het sy mammie gesê. Sy het haar arm toe om sy skouertjies geslaan, en vir hom gesê hy moet eintlik baie bly wees vandag want hy is baie ryker as al die seuntjies wat speelgoed gekry het. Want sy pappie sit vandag in die tronk omdat daar twee jaar gelede, voor hy moes begin vlug, baie kindertjies was van pappies wat in die tronk of die kamp was, wat honger gely het, min kleertjies gehad het en glad nie speelgoed gehad het nie.

„Het Pappie toe vir hulle speelgoed gegee?" wou Bennie weet.

„Nee, my seun, maar Pappie en die ander ooms het vir hulle baie geld gekry, sodat hulle darem almal kos kon koop en eet soos ons vandag. En nou moet Pappie in die tronk sit omdat hy die geld gaan vat het sodat daardie kindertjies nie van honger moes doodgaan nie. En nou moet julle baie bly wees al het julle min kos en geen speelgoed nie, want julle Pappie het dit vir sy volk gedoen en sodat Afrikanerkindertjies nie moet hongerly nie."

Dit kon Bennie nie mooi verstaan nie. Maar hy het darem later uitgevind waarom Vader Krismis nie vir hulle speelgoed gebring het nie. „Geen wonder nie", het hy aan sy sussie gesê, „dit is omdat ons in 'n garage bly. Vader Krismis het seker in die nag gekom, en toe het hy maar gedink daar bly nie mense in nie."

Met hierdie verklaring was ook Sussie tevrede.

Die maande het nou verbygegaan en die dag het eindelik aangebreek dat sy mammie sy pappie kon gaan sien. Sy mammie het vroeg die oggend gegaan en eers laat die aand teruggekom. Sy was baie moeg en het op die bed gaan lê. Klein Ben het haar gaan opsoek want hy was baie nuuskierig om te hoor hoedat dit met sy pappie gaan. Maar sy mammie was baie hartseer. Van daardie dag af het hy altyd as sy mammie na sy pappie gegaan het, sy sussie en boeties belet om haar te gaan pla.

Eendag het sy mammie vir hom en sy sussie ook saamgevat. Hulle het ver gery met die trein en moes toe byna net so 'n ver ent loop. Eindelik het hulle by 'n groot gebou gekom, omring met mure en torings op die hoeke.

By hierdie gebou het sy mammie aan 'n deur geklop en vir die man met die pistool aan sy sy gesê dat sy sy pappie wil sien. Hulle het nog lank gewag en toe het sy mammie deur 'n baie klein deurtjie gekruip.

Bennie en sy sussie het voor die deurtjie gestaan en wag. Hulle het baie lank gewag. Bennie wou darem al te graag sy pappie sien. Hy het hom so lank laas gesien en hy wil graag vir hom sê hy moet maar moed hou en nie onrustig wees nie.

Maar sy mammie het vir hom gesê dat die mense hier baie kwaai is en ook maar soos die speurders vir hulle snaaks hou. Hy het die lelike ou tronkdeur gestaan en beskou en gedink sy

(vervolg in volgende kol.)

(vervolg van vorige kol.)

pappie is nou aan die anderkant, en hy kan nie eers 'n woordjie met hom praat nie.

En dit sal tog nie kwaaddoen as hy vir sy pappie sien nie. Hy het hom mos al baie van tevore gesien, en hy wil tog net 'n paar woorde met hom praat.

Hy bekyk die ou swaar deur en dink toe by homself: „Ek behoort aan die Boerejeug en ek sal tog self later 'n stormjaer word. Ek gaan vir hulle sê ek wil my pappie sien." Vasberade stap hy nader en klop hard aan die deur.

'n Bewaarder maak na 'n rukkie oop en vra: „Wat wil jy hê?"

„Omie, ek en my sussie wil graag my pappie sien," sê klein Ben.

„Kinders word nie toegelaat nie," sê die bewaarder.

„Net vir 'n klein rukkie?" soebat klein Ben.

„Nee, dit is teen die regulasies," hou die bewaarder vol.

„Omie, ons wil niks anders doen nie. Ons wil net ons pappie sien want ons het hom so lank laas gesien . . . " Klein Ben het nog verduidelik, toe word die wrede deur in hulle gesiggies toegemaak.

Die trane is nou al baie naby, want hulle wou tog so graag hulle pappie gesien het. Maar hulle is ook al gebrei, en klein Ben brom net: „Hulle is nog slegter as die ou speurders."

Hulle is toe maar huistoe. Hulle pappie mag hulle nie in die tronk sien nie. Maar oor drie jaar sal hy na hulle terugkom, want dan het hy sy straf uitgedien. Dan sal klein Ben al 'n groot seun wees, miskien al 'n offisier in die Boerejeug.

In die tussentyd sal hy maar mooi na sy mammie kyk en vir haar al die huiswerkies wat hy kan doen, doen. Hy sal ook hard leer sodat sy pappie baie trots op hom sal wees as hy die dag terugkom.

(Die Einde)

### NUWE VERVOLG-VERHAAL

**Vanaf aanstaande week plaas ons 'n nuwe vervolgverhaal.**

# GEESDRIF VIR MONUMENT-LAER

Maats, dit lyk of ons sommer in groot getalle gaan optrek na die onthulling van die Voortrekkermonument. Ons het gedurende die afgelope week reeds honderde vormpies ontvang van Boerejeug-lede en vriende wat die Boerejeuglaertrek by daardie geleentheid gaan bywoon.

Aan diegene wat nog nie 'n vormpie aan ons gepos het nie, wil ons net sê dat dit die laaste keer is dat hierdie vormpie in ons blad sal verskyn. Die tydjie is ook reeds baie kort en maats word versoek om dit sommer dadelik te doen.

# DRINGENDE OPROEP

**Sal Boerejeug-offisiere en lede, asook van ons ouers wat SAAM MET DIE BOEREJEUG na die Voortrekker-monument-onthulling gaan asseblief dadelik hierdie vormpie invul en aan ons pos? Indien u meer vormpies benodig, sal ons bly wees as u onmiddellik met BOEREJEUG-HOOFKWARTIER, POSBUS 3471, KAAPSTAD, in verbinding sal tree sodat ons meer vormpies aan u kan pos. Ons het hierdie besonderhede nodig VOOR OF OP 20 SEPTEMBER.**

**Die reiskoste na die fees sal ONGEVEER as volg wees:**
**Lede bo 16 jaar — £5 0s. 0d. (Vanaf Kaapstad).**
**Lede onder 16 jaar — £3 0s. 0d. (Vanaf Kaapstad).**
**(Reiskoste soos hierbo gemeld is almal RETOER).**
**LAERFOOIE: £1 10s. 0d. per kop.**

**Die laer duur van 12 Desember tot 18 Desember.**

**Die Stafhoof,**
**Boerejeughoofkwartier,**
**Posbus 3471,**
**KAAPSTAD.**

**Waarde Heer,**

**Ek is van voorneme om saam met die BOEREJEUG na die Voortrekkermonument-onthulling te gaan teen die einde van die jaar. Hieronder vind u verdere besonderhede.**

**(SKRYF ASSEBLIEF IN BLOKLETTERS)**

**NAAM:** .......................................................

**VOLLEDIGE ADRES:** ..........................................

.............................................. **RANG:** ..................

**OUDERDOM:** ......................... **GESLAG:** ......................

**REIS U PER TREIN SAAM MET DIE BOEREJEUG?** ..........
**(Ja of Nee)**

**OP WATTER STASIE SAL U OPKLIM?** ...........................
(Tye van treine en verdere besonderhede insake die treinreis word later bekendgemaak).

**BRING U VAN U VRIENDE WAT NIE-LEDE VAN DIE BOEREJEUG IS, SAAM?** .................. **(Indien JA, stuur asseblief dieselfde besonderhede soos hierbo uiteengesit, op 'n aparte vel papier saam met hierdie vormpie wat u ingevul het. Gebruik asseblief 'n aparte vel vir elke vriend.)**

**Sal OFFISIERE asseblief toesien dat lede wat nie die blaadjie te lees kry nie, ook hierdie besonderhede kry en 'n vormpie invul? Laat ons almal saamwerk, Boerejeug, om van hierdie onderneming 'n groot sukses te maak.**

# DUITSE SIS

Duitse sis vir die uniform van die Boerejeug-dogters is nou verkrygbaar. Maats wat nog nie hiervan bestel het nie, kan dit sommer dadelik doen. Ons stuur dan die prys daarvan aan u en maats kan dan weer bestel. By elke besending materiaal sal ons 'n patroon van die uniform gratis insluit. Skryf vandag nog aan Die Boerejeug-Redaksie, Posbus 1411, Kaapstad.

# VERJAARDAG-KETTING

Die onderstaande maats verjaar gedurende die volgende woek. Ons wens hulle van harte geluk.

### SEPTEMBER

23 Carina du Plessis, Paarl.
Margot du Plessis, Paarl.
Helena Beyleveldt, Paarl.
Johanna le Roux, Bultfontein, O.V.S.

24 Marina Swanepoel, Beaufort-Wes.
Marianne Roux, Suider Paarl.

25 Anna Marais, Loxton.
K. Matthee, Oudtshoorn.

26 Karel Pauw, Wellington.
Gideon Roux, Franschhoek.
Fesia Weideman, Cradock.

27 Lenie Bronner, Vryburg.
Louise Hattingh, Frankfort, O.V.S.

28 Doris Fourie, Oudtshoorn.
Willem Pretorius, Frankfort, O.V.S.

29 Analie Brink, Stellenbosch.
Petrus van der Westhuizen, Vryburg.
H. J. Lamprecht, Oudtshoorn.

## BRITTANJE OP SY OUDAG LIEFDADIG!

Volgens die Britse wet op gesondheidsdienste kan enige persoon, vreemdeling of nie, gratis behandeling in Britse hospitale ontvang. Kort gelede is in die pers berig dat twee Kanadese werkers na Brittanje gegaan het om duur operasies te ondergaan wat hulle nie 'n pennie gekos het nie. Aangesien die reiskoste heelwat minder was as die operasies in Kanada sou gekos het, het dit 'n aansienlike besparing vir die twee werkers meegebring op rekening van die Britse belastingbetaler. Toe navraag by die betrokke hospitaal gedoen is vir kommentaar op die gebeurtenis, het die dokter in beheer geweier om sy mening uit te spreek. **Navraag by die werkgewer in Kanada het die kommentaar ontlok dat die baas heelwat agting het vir die ondernemingsgees van sy twee werkers.**

Volgens die Amerikaanse tydskrif TIME het gerugte omtrent hierdie seldsame Britse liefdadigheid reeds die kus van Wes-Afrika bereik. Eerste om van hierdie gratis dienste gebruik te maak was die Opperhoof van Alata Manche, Nii Kwabena Bonne, van die Goudkus. 'n Paar weke gelede het hy, aldus die berig, 3,000 myl na Brittanje per vliegtuig afgelê en sy twaalf vrouens agtergelaat in sy Accra-paleis. Hy het op die vliegveld neergestrykt, getooi in rooi en groen gewaad, 'n rooi hoed, oortrek met juwele, en sandale waarvan die sole met silwer beslaan is. Die Opperhoof het die doel van sy besoek as volg verduidelik: „Ek verstaan ek kan vrye mediese behandeling hier kry. Ek dink ek sal n bril kry."

Die weelderige pasiënt het sy oë laat ondersoek, maar hy moet vyf maande wag vir sy bril, aangesien daar 1,300,000 gewone Britte voor hom op die waglys is.

# MENGHUWELIK STEM MET BRITS-AMPTELIKE BELEID OOREEN SÊ BLAD

**Die opdrag van die Londense regering aan die kommissie van ondersoek insake die gemengde huwelik van Seretse Khama en sy opperhoofskap oor die Bamangwato-stam in Betsjoeanaland, maak geen melding van die gemengde huwelik nie, maar verwys slegs na die geskiktheid van Seretse as persoon om opperhoof te word. Verder skyn dit of daar na tegniese besware gesoek word om die opperhoofskap van Seretse te dwarsboom. Die Britse regering is blykbaar bang om die indruk te skep dat hy teen die gemengde huwelik gekant kan wees. Hy wil dus blykbaar verhoed om 'n beginseluitspraak te gee.**

Die opdrag lui dat verslag gedoen moet word of die stamvergadering waarop Seretse as opperhoof aangewys is, „behoorlik saamgeroep is en of die verrigtinge in ooreenstemming met die naturelle-gebruik geskied het", en of „Seretse die geskikte en regte persoon is om die werk van opperhoof waar te neem".

**Die Britse blad Independent Nationalist — wat sterk gekant is teen die partypolitiek — beweer in sy jongste uitgawe dat die Britse amptenare in die protektoraat heimlik hul steun aan Seretse Khama gegee het en invloed uitoefen in die belang van sy gemengde huwelik.** Die enigste ondersteuning vir die huwelik binne die gebied, aldus die blad, kom van die kant van sendeling-naturelle en „politiek-opgevoede hanslammers". **„Dit is in oorstemming met die jongste Britse amptelike beleid in Afrika, gerugsteun deur beroepsendeling-inmenging in naturellesake."**

### DEMOKRASIE

Die blad gaan voort deur aan te toon dat vyftig jaar gelede die naturelle onderworpe was aan die gesag van die „oudste van alle menslike regeerders" — die vader van die familie, en dat die naturel toe sy trou teenoor sy stam betuig het. **„Maar saam met die demokrasie en die sogenaamde sending het ook die ontstamming gekom, en 'n rustelose, ongelukkige geslag van jong naturelle is aan die opkom.** Wetteloosheid onder naturelle is aan die orde van die dag en enige korrektiewe optrede word aangegluur as ‚onderdrukking' . . . . **Die moeilikhede van die Bamangwato is 'n afskaduwing van die groter ontwrigting wat in die Westerse wêreld aan die gang is.** Onder die dekmantel van 'n jansalieliberalisme en ‚verdraagsaamheid' word die wette van die natuur en die mens opsy gestoot en die gees vergiftig met valse idees van vooruitgang, waardeur 'n ideale broei-geleentheid aan die kommunisme verskaf word."

## JOPIE FOURIE VIR 1949 AS HELD GESKRAP?

**Veldm. J. C. Smuts is deur die studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch uitgenooi om as hoofspreker op te tree by geleentheid van die viering van Krugerdag vanjaar op Stellenbosch.**

Hierdie uitnodiging het nie by almal byval gevind nie en 'n monstervergadering van studente is derhalwe oor die saak gehou. Die vergadering het met 'n oorweldigende meerderheid besluit om die uitnodiging van die studeteraad goed te keur.

**Een van die sprekers het gesê dat as die Eeufeeskomitee dit goed vind om veldm. Smuts as spreker by die onthulling van die Voortrekkermonument te laat optree, die studente verseker kan wees dat sy uitnodiging na Stellenbosch se heldedagverering nie 'n verkeerde stap is nie.**

'n Ander spreker het gesê dat die uitnodiging aan veldm. Smuts die goedkeuring wegdra van mnr. Bob Loubser, L.V., sowel as van prof. dr. Meiring, 'n plaaslike leier van die H.N.P.

**Hierdie uitnodiging stel ongetwyfeld bo-menslike eise aan die beroemde veelsydigheid van veldm. Smuts. Watter hulde sal hy bring aan die nagedagtenis van Jopie Fourie, die Afrikanerheld wat hy op 'n Sondagmôre terwille van die Britse Empire laat doodskiet het? Of gaan die Stellenboschse studente tydelik — net vir die doeleindes van 1949 — vir Jopie Fourie verwyder uit die ry van Afrikanerhelde wat jaarliks op 10 Oktober gehuldig word?**

# V.S.A.-WERKER MET PRODUKSIE VER VOOR

**Een van Brittanje se grootste struikelblokke op die pad na ekonomiese herstel vandag is die lae produksie van sy werkers. In die gees van partypolitieke sosialisme opgevoed, het hierdie werkers geleer om so veel as moontlik te ontvang vir so min as moontlik. Die gevolg was steeds hoër lone en korter werkdae.**

Heelwat kritiek is die afgelope tyd in die buiteland teenoor hierdie Britse gebrek uitgespreek, veral in Amerika na wie die hand uitgehou word om hulp. Verlede week het daar toe van Britse kant 'n groot stuk voorbladnuus gekom: 'n kommissie van ondersoek het vasgestel dat die Britse werker in die afgelope vyf jaar sy produksie met 18 persent vermeerder het teenoor 'n vermeerdering van slegs 10 persent in die geval van Amerikaanse werkers. Selftevrede het die Britte — en selfs Engelse in Kaapstad — mekaar op die skouer geklop oor die feit dat hulle nou meer per man produseer as die Amerikaners. **Dat die man wat stap sy snelheid kan verdubbel, terwyl die man wat reeds hardloop slegs 'n baie geringe snelheidsvermeerdering kan aantoon, beteken natuurlik nog nie dat die man wat eers gestap het, eerste by die wenpaal is nie.** En dat dit in hierdie geval inderdaad ook nie die geval is nie, blyk uit die bevindings van die Australiese ekonoom Colin Clark wat 'n paar weke gelede gepubliseer is. **Hy het bevind dat die Amerikaner se produksie per uur vandag iets meer as dubbel dié van die Brit is, terwyl dié van die Fransman een-derde en dié van die Rus minder as een-agste van die Amerikaanse prestasie is.**

Dat Brittanje 'n geringe vermeerdering sedert die oorlog toon op sy vorige lae peil, kan tot 'n mate toegeskryf word aan die groter modernisering van sy bedrywe veral as gevolg van wat hy van die Duitsers geleer en gevat het.

# Engelse Blad In Bresse Vir Die Stem As Volkslied

**Die wenk dat die regering Die Stem van Suid-Afrika nou maar tot amptelike volkslied kan verhef, is verlede week deur die Cape Times gedoen in 'n hoofartikel na aanleiding van die kongresbesluit van die A.T.K.V. dat Die Stem ook in Engels vertaal moet word.**

Die blad verklaar dat mits die regering die saak goed hanteer, daar nou geleentheid vir so 'n stap is. In 1938 toe genl. Hertzog Die Stem by die opening van die parlement laat speel het, het die gevoelens hoog opgevlam, maar in die jare wat verby is het die gevoel afgekoel en het Die Stem sy plek in die harte van omtrent alle Suid-Afrikaners verower. Vandag sal min bereid wees om te betwis dat Die Stem in die praktyk reeds as volkslied aanvaar is.

As voorwaarde tot algemene aanvaarding van die volkslied stel die blad die noodsaaklikheid dat alleers 'n geskikte Engelse vertaling gevind word. Die reaksie op die wenk was uiteenlopend. Van sommige kant is steun verleen aan die gedagte, en een briefskrywer in die Cape Times het daarop gewys dat Die Stem reeds by geleenthede in die St. George's-katedraal in Kaapstad gespeel is, o.a. by die instelling van die nuwe biskop. „Dit was 'n plesier om die orrel die lieflike musiek van Die Stem te hoor uitdreun," lui dit.

Aan die anderkant word geveg vir behoud van „The King." Die Stem kan „The King" slegs aanvul, en nie vervang nie, is die toegewing aan hierdie kant.

Een briefskrywer wou weet of Die Stem gelyktydig in Engels en Afrikaans gesing sal word. Omdat dit verspot sal wees, behoort „The King" behou te word.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.




Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook".*

Kopiereg RA 79